

14 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Samuel 23

Fokusgedeelte: 2 Samuel 23:39

Dawid, die rugsteker

Dawid en Urija is twee manne wat oor baie jare naby mekaar gelewe het. Beide was gelowiges. Urija beteken "Lig van die Here".

Urija het reeds in die woestyn by Dawid aangesluit toe hy nog vir Saul gevlug het. Hy het 'n groot bydrae gelewer om Dawid op die troon te plaas (1 Kron 11:10).

Dit is met skok dat ons die naam van Urija in hierdie gedeelte raak lees. Hy was een van die dapper manne van Dawid. Dit onderstreep weereens die laakbaarheid van Dawid se optrede. Dawid stuur hierdie getroue ondersteuner niks vermoedend terug na Joab met sy doodsvonnis in sy hand (2 Sam 11:13-15). Hy doen dit om sy eie sonde te probeer toesmeer! Dit laat 'n skandvlek op die naam van Dawid. Ons lees in die Bybel Dawid het "...nooit die opdragte van die Here verontagsaam nie, behalwe in die geval van Urija, die Hetiet" (1 Kon 15:5).

Dis só maklik om iemand anders te laat boet om jou eie skuld te verbloem. Dis só maklik om op iemand anders te trap om jou eie selfsugtige doelwitte te bereik. Dit bly egter die kenmerk van 'n dwaas (Spr 26:24-28). Hoe betroubaar is jy? As verlose in Jesus Christus verwag die Here van jou om in alles eerlik en opreg te wees. "Mense wat opreg lewe, geniet die guns van God" (Spr 14:9). Die Dawid-Urija-geskiedenis leer dit baie duidelik.

Ons kan slegs daarin slaag deur die kragtige leiding van die Gees.

Sing: Psalm 101:1,4,5

Ds APC Duvenage (Emeritus)